

Boodskap vir Sondag 24 Mei 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Mens wil gek raak van al die perspektiewe wat aangebied word hoe om die covid-19 pandemie en sy verwoesting te beskou. Vir die oorsaak van die corona-virus se losbreek tot by sy groot afwen word vele raad en insig en wysheid en kundigheid uur per uur aangebied. Dit is soos die Prediker van ouds in sy eerste hoofstuk sê dat al die riviere loop in die see-in, maar die see word nooit vol nie en dat woorde vervaag mettertyd al kry die mens kry nie klaar met praat nie. Salomo en sy wyse raadgewers het geweet dat elke ding sy vaste tyd het, maar was hulle 100% reg dat alles 'n gejaag na wind is? Die Prediker meen ook (9:11) alles word bepaal deur tyd (chronos) en geleentheid (kairos). In Prediker 11:1 kry ons die wysheid om ons brood op die water te werp want eendag kry jy dit terug. Uiteindelik, na alle nadenke van alle perspektiewe, is die Prediker se slotsom in hoofstuk 12 dat ons versigtig moet wees want daar kom nie 'n einde aan die aanbied van kennis nie, maar ook in sy finale slotsom dat wat van die mens gevra word, is om sy doel uit te lewe, oftewel God te dien.

G.K. Chesterton, bekende denker en joernalis, kon met min woorde baie sê, soos hierdie nadenkende gedig: *Here dies another day, During which I have had eyes, ears, hands, And the great world around me; And with tomorrow begins another. Why am I allowed two?* Sonde is om jou doel in die lewe te mis. Al die mislike dinge, die detail van sonde, verwoes die lewe, lei jou op verkeerde roete, laat jou verdwaal, maar in hoofsaak maak dit dat jy jou lewensdoel mis.

Hoekom so baie mense bereid is om sonder doel voort te drentel deur die lewe, pla net tot oor die saak nagedink word. Die antwoord is nié erfsonde nié - intedeel neig ons om die sg. appel-eet verduideliking verkeerd te verstaan. Die oomblik toe die mensdom met sy vrye wil besluit het hy kan op eie insig die lewe en realiteit aanpak, is die presiese moment dat die intellek oorgeneem het en die diepere spirituele Hulp en Leiding na die agtergrond verskuif het. Daarmee saam loop die drif na mag wat weer in direkte verhouding staan met 'n afname in vertroue op die Planter van die Boom van Alle Kennis van Goed en Kwaad. Dis soos 'n peuter wat weglou van sy ma en pa en probeer oorleef op sy eie kennis.

Die antwoord is ook te vinde by sinloosheid en dit onder meer weens verwarrende perspektiewe. Daarom is daar vele gelukkige ongelowiges én ongelukkige gelowiges op die aardbol – die rede onder andere dat gelowiges se sin-vlerke, oftewel hul verbeelding, dikwels geknip word. As dieper gekyk word as wat 'n sondaar pas, word gesien dis die eenvoud van geluk wat die basis aan lewensin bied.

'n Paar dekades gelede is 'n sosiologiese eksperiment gedoen in 'n bo-middelklas woongebied in 'n groot stad in Amerika. Die doel van die eksperiment was om te bepaal hoekom party van die mense 'n welvarende en ander mindergegoede lewenstyl handhaaf, terwyl hulle almal in min of meer dieselfde inkomstegroep geval het. Die enigste verskil wat hulle kon ontdek, was dat mense gelewe het presies soos hulle oortuigings was. As jy geglo het jy's arm, dan was jou lewe so. As jou uitkyk een van welvarendheid was, só was dit dan vir jou.

Ons sien nié dinge soos hulle is nié, maar soos óns is. Jy het 'n bril op waardeur die lewe beskou word en hierdie bril is jou innerlikheid, jou oortuigings. Jou oortuigings is dit wat jy toelaat om jou te beïnvloed, maar dit skep ook jou omstandighede. Die lewe soos jy dit ervaar, is die spieël wat jou oortuigings terug na jou reflekteer. Henry Ford (1863-1947) het lankal terug die waarheid kwytgeraak dat *óf jy glo jy is suksesvol óf nie, jy is reg*. Dit wat jy intens glo, dit is jy uitgestrek oor tyd. Die lewenswonderwerk wat nodig is om nié te vergaan nié, is jy self.

Jy's nie net 'n boel atome en ruimte in 'n liggaam-sisteem nie – jy's deel van God se skepping en nogal uniek ook daarby. *Ek kan rock in my taal, ek maak amok in my taal, ek kan skop in my taal..*, sê 'n

liedjie van Karen Zoid wat ewenwel kon praat oor die lewe. Jy's hier om 'n effek te hê – al moet jy *rock, skop* of *amok* maak. Soms vra die lewe dat ons weer *tieners* moet word en soos kinders moet begin glo. *Kinders is 'n vuur wat aangesteek moet word*, aldus 'n onbekende filosoof, *en nie 'n vaas wat gevul moet word nie*.

Daar is baie tegniese antwoorde om hierdie situasie te beskryf. Ingewikkelde psigologiese, sosiologiese en teologiese aannames oor die redes daarvoor word in alle formate beskikbaar gestel. Onder vele denkendes is daar 'n doelgerigte neiging om die betekenis agter elke betekenis uit te wurg. Hierdie drif is eens deur 'n kritikus daarvan verbeeld as byvoorbeeld *om die omvang van Thomas Aquinas se middellyf te sien nie net as die produk van sy eetgewoontes nie, maar ook as tipies van die middeleeuse religieuse instellings*. Die geloof-riglyn dat mense ten gronde gaan weens 'n tekort aan visie, neem dit goed saam. Soos daar agter elke suksesvolle mens 'n suksesvolle gedagte sit, soos agter elke goeie plan 'n goeie boer, so sit daar agter elke sinvolle lewe 'n sinvolle visie. 'n Visie dui op die intensie om verantwoordbaar om te gaan met kennis en oortuigings – anders trap ons klei soos met Aquinas se spaarwiel om sy middellyf.

'n Onsuksesvolle lewe het op een of ander manier te make met verkeerde oktaan brandstof in die kop-tenk. Dit benodig 'n regstelling, 'n bietjie *fine tuning*. Dit vra om die regte dinge te doen. Dit vra eintlik om te weet die lewe is 'n ervaring wat blydschap as vrug behoort te vertoon – al is dit baie keer 'n lag met 'n traan. En natuurlik om lewensfiks te wees, maar nou nie soos die Britse komediant verduidelik hoe hy gees en liggaam fiks bly nie: *channel hopping and pub crawling*. Die Afrikaanse idioom sê mens moet *uit jou sloffies skiet* – die lewe moet flink aangepak word.

Dis maklik om iemand te misbruik – veroorsaak net verwarring t.o.v. kennis en oortuigings. Daarom is elke mens potensieel kanonvoer vir elke nuwe foefie en denksisteem. Jy's noodwendig 'n slagoffer – behalwe as jy dit nie toelaat nie. Hierdie aspek is fyn-fyn omgewe met listigheid waarvan die slang in Eden die eerste aangetekende voorbeeld is. Opleiding-fundi Peter Drucker, stel dit so: *Doeltreffendheid is om dinge reg te doen; effektiwiteit is om regte dinge te doen*. Lees of luister dit maar weer om te klik - dit is ook een van die klem-verskille tussen lewensloos en lewenslus.

Jy kán suksesvol en ongelukkig wees tegelykertyd. Loop maar rond in die inkopie-mallemeules en kyk bietjie die mense, of kyk maar na Hollywood. As jy nie daar kan kom nie, lees dit alles in glans-tydskrifte. Jy sal ook sien dit onmoóntlik is om tegelykertyd gelukkig én onsuksesvol te wees. Dit is 'n langtermyn tandpyn, 'n diep gewortelde abses, om kinders te begelei om suksesvol te wees – dit sal omtrent altyd 'n ongelukkige en sinlose geslag produseer. Sukses vloei uit gelukkigheid, nie anders om nie. Begelei eerder jou nageslag na gelukkigheid en die beste metode is om dit te mentor, dit self te wees en te vertoon as hartskos. 'n Goeie begin is om *dankbaar te wees vir elke skewe snytjie brood* – soos Koos du Plessis dit besing.

Nog beter – kom agter die regte kap van die regte byl van die regte gebeure in die regte tuin van Eden soos ons lees in Genesis 2. Die mens word geplaas in sy Eden as milieu vir lewensmiddele, vitaliteit en insig. Al wat kort is die beskikbaarheid, die invloeiing, van water waarsonder ons nie kan leef nie. Dit alles word verskaf deur 'n rivier wat vanuit Eden ontspring – en deesdae kan ons dit lees as die Gees van Christus, die krag en hulp van God, wat in en deur ons vloei. Dis *nie wat jy het wat saak maak nie, maar wat jy gebruik*, is 'n ou-ou Chinese idioom wat millennia al oorvertel word.

Ek groet tot 'n volgende keer

Amen.